LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

# NIE GEMAAK OM ALLEEN TE WEES NIE

*Gemaak vir Gemeenskap in 'n Eensame Wêreld*

*NIE GEMAAK OM ALLEEN TE WEES NIE : GEMAAK VIR GEMEENSKAP IN 'N EENSAME WÊRELD*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Nie Gemaak Om Alleen Te Wees Nie : Gemaak vir Gemeenskap in 'n Eensame Wêreld* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP ‘N SLAG.

# INHOUD

*003* **WELKOM**

*004* **INLIGTING OOR LGG**

*005* **ONS MISSIE**

*006* **SOAP BYBELSTUDIE METODE**

*009* **GETUIENIS**

*010* **WÊRELDWYE BEDIENING**

*011* **KEN HIERDIE WAARHEDE**

*014* **INLEIDING**

*015* **LEESPLAN**

*017* **DOELWITTE**

*018* **WEEK 1**

*041* **WEEK 2**

*064* **WEEK 3**

*087* **WEEK 4**

*110* **SLUIT BY ONS AAN**

*111* **VIR JOU**

*Vir Jou*

IS DAAR GEBID; DIT IS GEEN TOEVAL DAT JY AAN HIERDIE STUDIE DEELNEEM NIE.

# WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT*
*ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land... een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



**SOAP**
WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*

*Watter woorde staan vir jou uit?*


A

STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P

STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## GETUIENIS

*LGG Oekraïense Tak*

Ek is die vyfde kind in ʻn groot gesin, en ek wou nog altyd gedagtes, ervaringe, blydskap en die lewe met ander deel. In my gesin het ons omgesien na ons broers en susters. Dit was belangrik om ʻn verbintenis met mekaar te handhaaf namate ons ʻn gemeenskap van liefde gebou het deur ons woorde en dade. Ons is almal geskape vir verbintenis en gemeenskap. Niemand is daartoe in staat om God se doel op hul eie te vervul nie; ons het mekaar nodig.

***"Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!" (Psalm 133:1).***

Toe ek besluit het om die Oekraïene te verlaat en na Switserland te trek, het ek begryp dat dit ʻn uitdaging vir my sou wees. ʻn Ander land, kultuur, wette, en, uiteindelik, ʻn nuwe taal. Natuurlik het ek onmiddellik na gemeenskappe begin soek om my te help om makliker te integreer en om meer tuis te voel. Met God se hulp en leiding, het ek ʻn klein gebedsgroepie van vier dames gevind. Ek was baie bly om saam met hulle in gesprekke, eenheid, gebed en aanbidding te deel. Ons is almal geskape om ʻn rol in die liggaam van Christus te speel, maar ons kan nie hierdie roeping vervul sonder om deel van ʻn gemeenskap te wees nie.

***"Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil ʻn geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk. Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s'n en julle deur myne." (Romeine 1:11-12)***

Ek is opreg dankbaar teenoor God vir die geleentheid om ʻn vertaler by Love God Greatly te wees. God het my net op die regte tyd hierheen gebring. Ek glo dat, deur die gemeenskap van vertalers by Love God Greatly, God nog meer nuwe gemeenskappe tot sy eer sal byeenroep. Ons diens aan mekaar is ʻn groot bron van bemoediging en inspirasie. Dit is waaroor die lewe in gemeenskap gaan.

Viktoria

*LGG Ukrainian Branch*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Oekraïense Tak*

## KEN JY IEMAND WAT BY ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES SOU KON BAAT VIND?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

## OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

## HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Vir die Oekraïense tak om te groei

Vir verdere uitreik na die Oekraïense mense wat 'n groot behoefte het aan ondersteuning, gebed en bemoediging.

Vir vrywilligers om met sosiale media, webwerwe, vertaling en proeflees te help.

## SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

## KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

### *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

### *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

### *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## NIE GEMAAK OM ALLEEN TE WEES NIE

*Gemaak vir Gemeenskap in 'n Eensame Wêreld*

# Inleiding

Ek wil heel eerste graag sê: ek weet dit is moeilik. Om "In gemeenskap" te leef, klink asof dit so maklik moet wees, en sommige mense laat dit moeiteloos lyk. Laat ek egter eerlik wees voordat ons met hierdie vier weke lange reis om gemeenskap in ons lewens aan te kweek, begin. Dit is nie maklik nie. Ja, ons is inderdaad daarvoor gemaak. Dit is deel van God se plan en wanneer ons nie 'n Bybelse gemeenskap in ons lewens het nie, sal ons ontbreek aan sekere spesiale seëninge. Moet egter nie teneergedruk of ontmoedig voel as dit iets is waarmee jy geworstel het nie. Inteendeel, besef dat jy in goeie geselskap is.

Soos ons begin, moet ons eerste verstaan wat 'n Bybelse gemeenskap is en wat dit nie is nie.

'n Bybelse gemeenskap is 'n groep eensgesinde Christene wat toegewyd is om God se Woord te leer en in hul lewens uit te leef. Dit is meer as 'n sosiale klub of 'n groep vriende met dieselfde belangstellings wat saam bymekaarkom. Om 'n Bybelse gemeenskap in jou lewe te kweek beteken om te gaan van oppervlakkige gesprekke na doelgerigte tyd wat saam gespandeer word om mekaar te bemoedig en op te bou in God se Woord. Die beweegrede hiervoor is liefde vir God, liefde vir mekaar en 'n begeerte om mekaar te help om in gehoorsaamheid en tot eer van God te leef.

Om 'n Bybelse gemeenskap aan te kweek sal 'n kombinasie van tyd en gebed vereis. Moenie ontmoedig raak as jy uitreik na verskeie mense en jy verwerping, stilte of geen belangstelling ervaar nie. (Dit het al baie met my ook gebeur. Het ek genoem dat dit nie altyd maklik is nie?) Die kwaliteit van die verhoudings is meer belangrik as die hoeveelheid mense wat opdaag. Gee hierdie proses aan God oor deur Hom te vra om jou verhoudings te seën. Bid dat Hy jou sal lei na die regte mense en wees dan dapper en nooi hulle in jou lewe in. Bid, reik uit, nooi uit en vertrou dan op God.

*BID, REIK UIT, NOOI UIT EN VERTROU DAN OP GOD.*

Kom ons wy hierdie volgende vier weke daaraan om te bid vir 'n Bybelse gemeenskap in ons lewens wat vir God eer. Onthou, ons almal smag daarna om geken en liefgehê te word. Ons is nie gemaak om alleen te wees nie, ons is gemaak vir gemeenskap!

Merk dit af

## LEESPLAN

**WEEK 1 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET GOD**

○ *Maandag / As Beeld van God*
Lees: Genesis 1:26–27
SOAP: Genesis 1:27

○ *Dinsdag / Liefde en Gehoorsaamheid*
Lees: Johannes 14:15–23
SOAP: Johannes 14:23

○ *Woensdag / Bly in Hom*
Lees: Johannes 15:1–5
SOAP: Johannes 15:5

○ *Donderdag / God is Met Jou*
Lees: Deuteronomium 31:1–8
SOAP: Deuteronomium 31:6

○ *Vrydag / God Sal Jou Help*
Lees: Jesaja 41:1–20
SOAP: Jesaja 41:13

**WEEK 2 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET FAMILIE EN VRIENDE**

○ *Maandag / Nie Gemaak om Alleen te Wees nie*
Lees: Genesis 2:18–24
SOAP: Genesis 2:18

○ *Dinsdag / Eensgesindheid in Christus*
Lees: Romeine 15:1–6
SOAP: Romeine 15:5–6

○ *Woensdag / 'n Gesindheid van Nederigheid*
Lees: Filippense 2:1–11
SOAP: Filippense 2:3–5

○ *Donderdag / Beter in Gemeenskap*
Lees: Prediker 4:8–12
SOAP: Prediker 4:9–10

○ *Vrydag / Wees Verdraagsaam*
Lees: Kolossense 3:12–17
SOAP: Kolossense 3:12–14

**WEEK 3 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET DIE PLAASLIKE KERK**

- O *Maandag / In Jesus se Naam*
  Lees: Matteus 18:20
  SOAP: Matteus 18:20
- O *Dinsdag / Toegewy aan Gemeenskap*
  Lees: Handelinge 2:42–47
  SOAP: Handelinge 2:42
- O *Woensdag / Dien Mekaar*
  Lees: 1 Petrus 4:7–11
  SOAP: 1 Petrus 4:8–10
- O *Donderdag / Leef in Eenheid*
  Lees: Efesiërs 4:1–6
  SOAP: Efesiërs 4:2–3
- O *Vrydag / Hou Aan om Saam te Vergader*
  Lees: Hebreërs 10:19–25
  SOAP: Hebreërs 10:24–25

**WEEK 4 / GEMAAK VIR GEMEENSKAP MET ONS WÊRELD**

- O *Maandag / Wees Lief Vir Jou Naaste*
  Lees: Matteus 22:34–40
  SOAP: Matteus 22:37–39
- O *Dinsdag / Lig van die Wêreld*
  Lees: Matteus 5:13–16
  SOAP: Matteus 5:14, 16
- O *Woensdag / Betoon Deernis*
  Lees: Sagaria 7:8–10
  SOAP: Sagaria 7:9–10
- O *Donderdag / Liefde in Aksie*
  Lees Romeine 12:9–21
  SOAP: Romeine 12:10
- O *Vrydag / Van Alle Nasies*
  Lees: Matteus 28:16–20
  SOAP: Matteus 28:19–20

# JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

*TWEE*

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

*DRIE*

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

.................................................................................................................

*Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou.*

*Jesaja 41:13*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Om 'n verhouding met iemand te ontwikkel, moet jy tyd saam met hulle spandeer. Om 'n verhouding met God te ontwikkel, is geensins anders nie. Beplan hierdie week wanneer jy tyd sal spandeer om God se Woord te lees en te bid. Vir sommige van ons is die oggend, voor ons dag begin, die beste. Vir ander is dit dalk gedurende die dag of in die aand wanneer almal in die bed is en die huis stil is. Die tyd van die dag maak nie saak nie, die tyd wat saam met God spandeer word, wel. Kom ons werk hierdie week daaraan om gemeenskap met God te kweek.*

**LEES**

*Week 1 • Maandag*

*Genesis 1:26-27*

Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip. 27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Genesis 1:27*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Genesis 1:27*

*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.*

**OORDENKING**

Die bewys dat God ons vir gemeenskap ontwerp het, kan maklik in vandag se leesstuk nagespeur word. Kyk hoe dikwels die meervoudsvorm gebruik word — woorde soos “ons” of “hulle”. Daar is alreeds aanduidings van die belangrikheid van gemeenskap, samewerking en verbondenheid. Wat alreeds in die hemel aan die gebeur was, sou op aarde nagedoen word.

Teoloë debatteer oor die betekenis van die gebruik van die meervoudsvorm “ons” in hierdie gedeelte. Dit kan verwys na die Drie-eenheid, dit kan soos die koninklike “ons” gebruik word, of dit kan verwys na God en sy hemelse hof en is bedoel om lof te bring terwyl God die skeppingswerk doen. Wat ook al die korrekte weergawe is, alles dui op ‘n God wat gemeenskap hoog ag.

God het alles op die hele aarde geskep en gesê dat dit goed is — maar eers toe Hy mense gemaak het, het Hy iets na sy eie beeld geskep. Mense is geskep om, op die een of ander manier, die vorm en funksie van die Skepper te reflekteer. God, die Allerhoogste Heerser en Skepper, kies om aan mense die outoriteit te gee om oor sy skepping te heers en sy skeppingswerk voort te sit met die opdrag “wees vrugbaar en vermeerder”.

God het nie bloot alles op aarde geskep en toe weggestap om ‘n nuwe projek aan te pak nie. Hy het gebly, met Adam en Eva gepraat en saam met hulle in die tuin gewandel sodat hulle ‘n verhouding met Hom kon bou. Jy is gemaak om dieselfde gemeenskap met God te hê — om met Hom te praat, om daagliks saam met Hom te wandel en om ‘n verhouding met Hom te bou. Jy is gekies om in gemeenskap met God te wees, nie per ongeluk nie, maar doelbewus so ontwerp, van die heel begin af.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Johannes 14:15-23*

"As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16 Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17 naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. 18 "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. 19 Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20 Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle. 21 "Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar." 22 Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: „Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?" 23 Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP /** *Johannes 14:23*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Johannes 14:23*

*Jesus antwoord hom: "As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon."*

**OORDENKING**

As jy 'n gesonde gemeenskap volgens 'n resep kon bou, is liefde en gehoorsaamheid twee van die sleutelbestanddele wat in vandag se Skriflesing geopenbaar word. Liefde maak sin. Natuurlik wil ons verhoudings bou met mense wat ons liefhet en ons op hulle beurt liefhet. Maar watter invloed het gehoorsaamheid op hoe ons gemeenskap met God ervaar?

Jesus sê vir sy dissipels dat as hulle Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam, sal God die gawe van die Heilige Gees aan hulle gee om vir ewig by hulle te wees. Dis pragtig om te sien dat Jesus self, terwyl Hy die dissipels die gawe van gemeenskap belowe, dit doen in gemeenskap met God en die Heilige Gees. Ons is ook ontvangers van hierdie gawe en ons is nooit alleen nie.

As jy binne die konteks van gemeenskap seergekry het, hou moed. Die verhouding wat God met jou bou, is nie wisselvallig nie. Dit verander nie na gelang van die seisoene van die lewe, plek of belangstellings nie. Ons is altyd welkom om saam met God te wees omdat Hy ons eerste liefgehad het en steeds liefhet. Liefde vir Hom van ons kant is bloot 'n reaksie op wat Jesus reeds vir ons gewys het: dat God alles al doen om seker te maak jy weet jy behoort aan Hom, selfs om sy eie Seun te stuur om aan die kruis te sterf. Ons word nie soos weeskinders agtergelaat of verstoot nie, maar ons leef nou met die Heilige Gees in ons terwyl ons wag om vir ewig saam met Jesus te wees.

Hoe wys ons vir Jesus dat ons Hom liefhet? Ons gehoorsaam sy opdragte. Dié wat aan God gehoorsaam is wys hulle liefde vir Hom, en dié wat Jesus liefhet word deur God liefgehê. Gehoorsaamheid is die bewys van ware liefde. Diegene wat vir God liefhet word ook deur Jesus liefgehê, en namate ons verhouding met Hom groei, openbaar Jesus Homself aan ons. Dit is 'n wonderlike kringloop van Jesus ken, Hom liefhê, Hom gehoorsaam en Hom nog beter ken.

Gehoorsaamheid lei tot liefde, wat lei tot gemeenskap met God tot in ewigheid. Daar is 'n woonplek by God in die hemel vir jou — vir ewig!

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Johannes 15:1-5*

“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. 2 Elke loot aan My wat
nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat
dit nog meer vrugte kan dra. 3 Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat
Ek vir julle gesê het. 4 Julle moet in My bly en Ek in julle. ’n Loot kan nie
uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie
as julle nie in My bly nie. 5 “Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My
bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 15:5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Johannes 15:5*

*"Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie."*

**OORDENKING**

Gemeenskap is nie eensydig nie. Wanneer ons in God bly — naby aan Hom bly, Hom vertrou, sy Woord lees, meer omtrent Hom leer, en so leef dat sy beeld na die wêreld om ons gereflekteer word — bly Hy in ons. God is met ons, nie omdat Hy as ons Skepper verplig is om dit te doen nie, maar omdat Hy ons liefhet.

Om in gemeenskap met God te wees, gaan gepaard met ongelooflike wonderlike seëninge. Trouens, ons kan nie vrug dra as ons nie aan die wingerdstok, Jesus, verbind is nie. As ons naby Jesus bly, sal goeie dinge soos liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (kyk Galasiërs 5:22–23) groei.

Takke wat van wingerdstokke of bome gesnoei word, kan egter vir niks anders as brandhout gebruik word nie. Net so is enigiets wat ons op ons eie sonder Jesus doen, nutteloos. Hoe vrugbaar ons lewens is, is 'n regstreekse gevolg van ons verbondenheid met Jesus, nie iets wat ons kan doen nie. Die liefde wat ons teenoor ander openbaar, die vreugde wat ons ervaar, die vrede in ons harte, en die vriendelikheid wat ons betoon, is alles as gevolg van wat God in ons lewens doen en die eer kom Hom toe. Wanneer ons in gemeenskap met God leef, word ons van binne af na buite verander.

Daar is in hierdie voorbeeld 'n gevoel van vrye wil, maar ook blywendheid in ons verhouding met Christus. Solank ons in Christus bly, sal ons baie vrug dra. Ons moet elke dag kies om by Hom te bly en van Hom afhanklik te wees. En wanneer ons dit doen, is Hy daar vir ons. Ons kies, deur gehoorsaamheid en liefde, om na aan Hom te groei, en uit daardie verhouding vloei die lewe. Wanneer ons in gemeenskap met God is, help dit ons om minder op onsself en meer op Hom te vertrou.

**LEES**

*Week 1 • Donderdag*

*Deuteronomium 31:1-8*

Moses het met die hele Israel gaan praat 2 en vir hulle gesê: “Ek is nou honderd en twintig jaar oud, ek kan nie meer gaan oorlog maak nie. Die Here het vir my gesê: ‘Jy mag nie deur die Jordaan trek nie.’ 3 Die Here julle God sal voor julle uit deur die Jordaan trek en Hy sal hierdie nasies voor julle uitroei sodat julle hulle gebied in besit sal neem. Josua sal julle deurlei, soos die Here beloof het. 4 Die Here sal met hierdie nasies doen soos Hy gedoen het met die Amoritiese konings Sihon en Og en met hulle land toe Hy hulle uitgeroei het. 5 Die Here sal hierdie nasies in julle mag oorgee, en julle moet met hulle alles doen wat ek julle beveel het. 6 Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.” 7 Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê waar die hele Israel dit kon hoor: “Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met hierdie volk in die land in wat die Here met ’n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem. 8 Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skirk nie.”

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Deuteronomium 31:6*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Deuteronomium 31:6*

*"Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie."*

**OORDENKING**

God het vir ons 'n pragtige voorsmaak van gemeenskap gegee deur ons 'n verhouding met Homself te gee. Om 'n Bybelse gemeenskap te vind beteken om 'n groep mense te ontdek wat God liefhet en Hom gehoorsaam, wat sy beeld aan die wêreld rondom hulle weerspieël terwyl hulle mekaar aanmoedig om elke dag naby Jesus te bly. Dit gaan nie oor eksklusiewe kleingroepe, klieks of gewildheidskompetisies nie, maar om ander te vind, beide mans en vroue, wat daartoe verbind is om hul verhouding met God te prioritiseer en wat jou wil help om dieselfde te doen.

Wanneer ons God liefhet en Hom gehoorsaam, wanneer ons naby Jesus bly, kan ons vashou aan die belofte dat Hy met ons sal wees. Hy sal ons nie verlaat of ons in die steek laat nie. In vandag se leesstuk, alhoewel Moses nooit die beloofde land sou binnegaan nie, het God aangehou om sy beloftes na te kom. Hy was by die Israeliete en Hy sou voor hulle uitgaan om die pad oop te maak. Moses het die volk beveel om nie bang te wees nie. Maak nie saak wat hulle in die gesig gestaar het nie, God was nie net voor hulle uit nie, maar Hy was ook by hulle. God sal sy mense nooit verlaat nie en Hy sal hulle ook nooit in die steek laat nie.

Die woord gemeenskap kom van die Latynse voorvoegsel 'con-' (wat 'saam' beteken) en die woord 'munis' (wat te doen het met die uitvoering van dienste). Dit is 'n gevoel van kameraadskap met ander, as gevolg van die deel van gemeenskaplike gesindhede, belangstellings en doelwitte. God kon eenvoudig voor ons uitgaan, die pad oopmaak en ons toelaat om Hom te volg. Maar Hy kies om ook by ons te wees, in gemeenskap, om saam vorentoe te beweeg terwyl ons ons volgende stappe neem om nader aan Hom te groei en om te groei en te verbind met diegene rondom ons.

Kameraadskap. Saam, met. Ons verhouding met God is aktief, naby en persoonlik, nie ver en koud nie. En ons belofte-houdende God sê weereens vir ons dat Hy ons nooit in die steek sal laat, of ons sal verlaat nie. Moenie bang of moedeloos wees nie!

**LEES**

*Week 1 • Vrydag*

*Jesaja 41:1-20*

Bly stil en luister na My, eilande, maak julle gereed, volke, staan nader en stel julle saak, laat ons die saak uitmaak.
2 Wie is dit wat hom uit die ooste laat opstaan het vir wie elke voetstap oorwinning bring? Wie gee nasies aan hom oor, onderwerp konings aan hom? Sy swaard en sy pyl en boog laat hulle verdwyn soos stof voor die wind, soos dwarrelende stoppels.
3 Hy agtervolg hulle en trek ongehinderd voort, sy voete raak nie eens grond nie.
4 Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen? Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal? Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees.
5 Die eilande het gesien wat gebeur en het bang geword, die hele aarde het gebewe. Die mense hom bymekaar,
6 hulle help mekaar en praat mekaar moed in.
7 Die ambagsman praat die goudsmid moed in, die een wat die metaal uitklop, praat hom wat dit aanmekaar smee, moed in. Hulle sê: "Die smeewerk is goed!" Dan slaan hulle die beeld met spykers vas dat hy nie omval nie!
8 Maar jy, my dienaar, Israel, Jakob vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet,
9 jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het, van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek het gesê: Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.
10 Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.
11 Almal wat teen jou te kere gaan, sal teleurgesteld staan en die aftog blaas. Jou teëparty sal soos niks word, hulle sal omkom.
12 Jy sal dié soek wat teen jou veg, maar hulle sal nêrens te vinde wees nie; dié wat teen jou oorlog maak, sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie.
13 Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou.
14 Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ek help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel.
15 Ek maak jou 'n skerp dorsslee, 'n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak.
16 Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegwaai, die stormwind sal hulle verstrooi; dan sal jy jubel in die Here, jy sal roem in die Heilige van Israel.
17 Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie; hulle versmag van dors. Maar Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor, Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.
18 Ek sal op die kaal bergtoppe riviere laat ontspring, en in die laagtes fonteine laat uitborrel. Ek sal woestyngebied in rietvlei verander, dor land in fonteinwêreld.
19 Ek sal in die woestyn seders laat groei, doringbome, mirte en olyfbome. Ek sal in die barre wêreld sipresse laat groei saam met platane en denne.
20 Dan sal die mense sien en erken, almal sal begryp en insien dat die Here dit gedoen het, dat die Heilige van Israel dit geskep het.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Jesaja 41:13*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*Jesaja 41:13*

*"Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ek help jou."*

**OORDENKING**

Kom ons maak vandag ons skrifgedeelte persoonlik. Die gemeenskap waartoe ons saam met God genooi word, is diep persoonlik. God sal jou nie verlaat nie. Hy is by jou. Hy sal jou help. Kan jy die volgende uit vandag se leesstuk lees deur elke melding van "jou" met jou naam te vervang?

*"Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.*
*Moenie bang wees nie, Ek is by jou,*
*Moenie bekommerd wees nie, ek is jou God*
*Ek versterk jou, Ek help jou,*
*Ek hou jou vas,*
*met my eie hand red Ek jou." (Jesaja 41:9–10).*

*"Ek is die Here jou God,*
*Ek vat jou hand,*
*Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou." (Jesaja 41:13).*

God belowe om jou te help! Hy sal op jou gebede reageer en alles voorsien wat nodig is vir die lewe. God wys sy krag deur te belowe om oorvloedige lewe te skep in 'n gebied wat minder as driehonderd millimeter (12 duim) water per jaar ontvang het. Niks is vir God te moeilik nie! Hierdie selfde God hoor ons, weet wat ons nodig het, en belowe om ons te help. Die areas van jou lewe wat droogte beleef? God kan ook daar lewe bring. Hy weet presies wat jy nodig het, en Hy wil help. Jy is nie 'n las vir God nie. Jy hoef nie bang te wees dat wat jy Hom vra om te doen te veel sal wees nie. Vir God is niks onmoontlik nie!

Ons, wat na God se beeld geskape is om sy liefde aan diegene rondom ons te weerspieël, word geroep om helpers, luisteraars en voorsieners te wees. Maar ons word ook genooi om hulp te vra. Kwesbaarheid nooi 'n dieper verhouding met God en met ander uit, soos ons ons trots neerlê en ons mure afbreek. Om kwesbaar te wees in die gemeenskap gee ons almal ruimte om die gawes wat God ons gegee het, te gebruik om sy liefde vir mekaar te weerspieël. Gemeenskap met God gee ons 'n fondasie om alle ander gemeenskappe op te bou, soos ons verhoudings bou met familie, vriende, die plaaslike kerk en die wêreld.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Op grond van Genesis 1:27, na wie se beeld is ons geskape? Wat beteken dit in terme van ons verhouding met God? Hoe moet dit die manier waarop ons ander behandel, beïnvloed?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

2. *Hoe beïnvloed liefde vir God en gehoorsaamheid aan sy Woord ons verhouding met Hom, gebaseer op Johannes 14:15–23?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

3. *As ons lewens wil hê wat baie vrugte dra, wat moet ons, volgens Johannes 15:1–5, doen?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

4. *Watter belofte vind ons in Deuteronomium 31:6? Hoe moet hierdie belofte ons lewens beïnvloed? As gevolg van hierdie belofte, hoe moet ons lewe?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

5. *Gebaseer op Jesaja 41:13, het ons nie nodig om in vrees te lewe nie. Watter troos vind jy in hierdie vers? Hoe wys dit dat ons gemaak is vir gemeenskap met God?*

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

*En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.*

*Romeine 15:5–6*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Lees Kolossense 3:12-14. Fokus op een of twee kenmerke uit hierdie gedeelte om hierdie week aan te werk om gemeenskap in jou lewe te help kweek. Hoe kan jy jou familie en vriende beter liefhê en dien? Sommige idees sluit in: stuur 'n dankie sê-kaartjie, bel hulle, neem hulle uit vir middagete of stuur blomme.*

**LEES**

*Week 2 • Maandag*

*Genesis 2:18-24*

Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.” 19 Die Here God het toe uit die grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees. 20 Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie ’n helper, ’n gelyke, gekry nie. 21 Toe het die Here God ’n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe ’n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, 22 en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot ’n vrou en bring haar na die mens toe. 23 Toe sê die mens: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek, Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.” 24 Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

**SOAP /** *Genesis 2:18*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

**SOAP:**

*Genesis 2:18*

*Verder het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke."*

**OORDENKING**

Van die begin af het God ons ontwerp om in gemeenskap te lewe. Soos ons verlede week gelees het, het God ons ontwerp om in gemeenskap met Hom te wees, maar Hy het ook geweet dat ons verhoudings met mekaar sal moet bou. Soos God al die diere na die man gebring het om aan elkeen 'n naam te gee, het nie een van hulle 'n geskikte maat vir hom geblyk te wees nie. Niemand het hom aangevul soos God dit bedoel het nie; niemand kon gemeenskap of kameraadskap verskaf nie. God het dus 'n vrou geskep en die man het haar dadelik as sy familie herken—sy "ezer", of "onmisbare metgesel".

Saam het hulle met God in die tuin gewandel. Hulle was verenig, 'n onmisbare verhouding wat presies was wat God deur die huwelik vir man en vrou bedoel het. Saam was hulle 'n gesin. Die verwysing na die vrou wat van die man se 'vlees en bloed' is, beteken daar is 'n gebonde verhouding. Hulle was 'n familie, 'n sub-gemeenskap wat God ontwerp het sodat hulle nie alleen sou wees nie.

God het nie net die eensaamheid aangespreek wat Hy geweet het Adam sonder Eva sou ervaar nie. Sonder die vrou was die man nie in staat om die doel wat God vir hom gehad het, om vrugbaar te wees en te vermeerder, te vervul nie. Met 'n man alleen sou God nie sy plan vir die mensdom kon voltooi nie. Daar is 'n rede waarom God jou gemaak het en Hy het 'n plan vir jou. Hy wil nie hê jy moet alleen wees nie, maar dat jy saam met ander werk om sy Koninkryk te bou. Saam kan ons soveel meer doen as wat ons ooit op ons eie sou kon doen.

Jy is geskape vir 'n gemeenskap, ongeag jou huwelikstatus. Dit is deel van God se plan en wanneer ons nie 'n Bybelse gemeenskap in ons lewens het nie, het ons dalk nie deel aan 'n paar spesiale seëninge nie. As jy moedeloos voel in hierdie area van jou lewe, weet dat baie ander dieselfde gevoel het. Ons smag almal daarna om geken en geliefd te wees, want God het ons so gemaak. Kyk na God om jou met sy liefde te vul en vra Hom om spesiale mense in jou lewe te voorsien met wie jy hierdie liefde kan deel. Hy wil graag hierdie soort gebed beantwoord.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Romeine 15:1-6*

Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra
van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onsself dink nie: 2 elkeen van ons
moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof
kan opbou. 3 Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie, inteendeel.
Dit was met Hom soos daar geskrywe staan: "Die beledigings waarmee mense u
beledig, het op My neergekom." 4 Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is
tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging
wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees. 5 En mag God, die bron van alle
standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees
soos Christus Jesus dit wil hê. 6 Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof
toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP** / *Romeine 15:5–6*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Romeine 15:5–6*

*En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê. Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebring aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.*

**OORDENKING**

In die afsluiting van Paulus se brief aan die kerk in Rome, het hy hulle gelaat met 'n paar belangrike instruksies wat hulle sou help terwyl hulle Christus volg, die evangelie deel en die kerk bou. Vandag se teksverse fokus daarop om te verseker dat daar eensgesindheid in Christus onder die gelowiges is, waar hulle hul sterkpunte gebruik het om mekaar se swakhede te versterk.

Paulus het vir die Roomse kerk – en vir ons – gesê dat ons ons naaste moet opbou. Dit beteken om ons bure, hul behoeftes en hul worstelinge te ken. Ken jy die name van jou vyf naaste bure? Weet jy in watter opsig hulle bemoediging die meeste benodig, of hoe jy Godgegewe gawes kan gebruik om hulle te help? Om 'n Bybelse gemeenskap in jou lewe te kweek, beteken om verder te gaan as oppervlakgesprekke, om doelbewus tyd saam deur te bring, mekaar te bemoedig en op te bou in God se Woord. Die beweegrede agter die kameraadskap is 'n liefde vir God, 'n liefde vir mekaar, en 'n begeerte om mekaar te help om in gehoorsaamheid en tot God se eer te leef.

Anders as die vroeë kerk aan wie Paulus geskryf het, word ons nie meer geografies in ons interaksie met ander beperk tot slegs diegene wat langsaan ons bly, wat saam met ons werk, of wat ons by die plaaslike fontein ontmoet nie. Ons ken dalk mense van regoor die wêreld en kan enige uur van die dag met hulle kontak maak, maar hoeveel mense ken ons werklik? Bybelse gemeenskap bly nie oppervlakkig nie, dit delf dieper. Kan jy diep en eerlik met diegene deel wat jy as jou naaste gemeenskap beskou?

God se plan vir ons is eensgesindheid in ons gemeenskappe, 'n eenheid wat bewerkstellig word deur God saam te vereer en aanbid. Hierdie aanbidding vloei uit die vertroosting en bemoediging wat ons by mekaar ontvang soos ons die hoop wat ons in Jesus het deel en mekaar aan die beloftes van God se Woord herinner.

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

*Filippense 2:1-11*

Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die
liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2
maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde,
een van hart, een in strewe. 3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in
nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4 Julle moenie net elkeen
aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. 5 Dieselfde gesindheid
moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: 6 Hy wat in die gestalte
van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy
Hom moes vasklem nie, 7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n
slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,
8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die
dood aan die kruis. 9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en
Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elkeen
wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, 11 en
elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP** / *Filippense 2:3–5*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*Filippense 2:3–5*

*Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was.*

**OORDENKING**

Op Paulus se tweede sendingsreis het hy ‘n kerk in die dorpie Filippi gevestig. Hierdie kerk het diverse rasse, kulture en sosiale klasse ingesluit. Paulus het die brief wat ons vandag lees geskryf om die gelowiges daar aan te moedig om hul vreugde in Christus te vind, maak nie saak wat hul in die gesig staar nie. Om te strewe om soos Christus te wees bring vreugde, vervullling en vrede. Dit kan ook eenheid onder die mees diverse gemeenskappe bewerkstellig.

Diegene van ons wat God liefhet word geroep om eensgesind te wees in denke, liefde, gees en strewe. Ons moet mekaar hoër ag as onsself, ons trots en eie belange opsy skuif, en ‘n gesindheid en houding van nederigheid aanneem. Namate ons daarna streef om meer soos Christus te word, kan ons ‘n Bybelse gemeenskap van eensgesinde gelowiges bou terwyl ons mekaar aanspreeklik hou vir ons woorde, dade en optrede.

Jesus het die volste reg gehad om voor in die ry in te druk. Die Seun van God het al die gesag en mag gehad om enigiets te doen wat Hy wou sonder om enigiemand anders in ag te neem. Maar Jesus het nie gedoen wat mense verwag het van die Messias nie. Hy was liefdevol, behulpsaam en het ander by sy bediening ingenooi. Hy het sy wysheid vrylik gedeel en ander gehelp sonder om van hul te verwag of vir hul te vra om Hom op een of ander manier terug te betaal. In sy missie was Hy geensins besorg oor ‘n tekort nie. Jesus verlang dat soveel mense moontlik Hom as Verlosser aanneem, en Hy was bereid om ander se behoeftes voor sy eie te stel en sodoende sy liefde aan hul te bewys.

Net soos Jesus, moet ons nie net besorg wees oor onsself en die dinge wat ons eie lewens raak nie, maar ook die dinge waardeur ander gaan. Ons moet soos Christus optree, wat Homself verneder het, mens geword het, en vir ons sondes gesterf het. Hy het nie aanspraak gemaak op spesiale voorregte nie, maar het onder sy dissipels gewoon, s aam met sondaars geëet en die verstotenes raakgesien. Ons gemak, opinies en trots sal nooit belangriker wees as om die mense wat God in ons lewens plaas, lief te hê en te eerbiedig nie.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Prediker 4:8-12*

daar was ’n man wat alleen was, sonder seun of broer. Tog was daar nie ’n einde aan al sy inspanning nie en was hy steeds op soek na meer rykdom. Hy moes later sê: “Vir wie sloof ek my af en ontsê ek my die aangename dinge?” Ook hier kom dit tot niks. Dit bly ’n harde saak. 9 Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. 10 As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie. 11 As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word? 12 Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. ’n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

SOAP / *Prediker 4:9–10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Prediker 4:9–10*

*Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets. As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.*

**OORDENKING**

Alhoewel die boek Prediker geen historiese gebeurtenisse opteken nie, is dit ‘n pragtig geskrewe gids van koning Salomo om ons te help om die slaggate en gevare van die lewe te navigeer. In ons Skriflesing vandag onthul Salomo hoe gemeenskap ons help om die regte motivering te handhaaf vir die werk wat God ons gegee het.

Ons kan besluit om te werk bloot om ryk te word, terwyl ons ons verhoudings met vriende en familie opsy skuif en afskeep. Maar diegene wat dít doen, is nooit vergenoegd nie. Hulle werk sonder ophou, sonder doel. Daar is niemand om die sukses mee te deel nie en niemand om jou te help wanneer jy faal nie. Familie is meer werd as rykdom. Dit verleen doel aan ons werk en voorsien kameraadskap om die moeilike seisoene meer draaglik te maak.

Wanneer ons in gemeenskap met ander is, kan ons meer bereik in ons werk, voorsien wat nodig is om ons lewe en gemak te onderhou, en mekaar teen teenstand ondersteun. Alhoewel dit makliker en vinniger mag lyk om op ons eie deur die lewe te probeer hardloop, sonder om vir iemand anders te hoef te wag, sal ons uitmis op die seëninge wat gepaardgaan met gemeenskap asook die geleenthede om te help en om gehelp te word langs die pad.

Wanneer dit by Bybelse gemeenskap kom, hoe meer hoe lekkerder! Trouens, ons teksvers vandag wys vir ons die voordele uit om selfs een ander eendersdenkende persoon in ons gemeenskap te hê. Meeste van ons sal verheug wees om daardie een persoon in ons lewens te hê. Dit is ‘n wonderlike plek om te begin bid en om om jou gemeenskap te begin bou. Ons Skriflesing vandag sluit egter af met ‘n herinnering dat drie persone selfs sterker is as twee. In die omgekeerde ekonomie van God se koninkryk, hoe meer mense ons in ons gemeenskap innooi, hoe sterker en meer effektief word ons in ons dissipelskap. Minder is nooit meer nie, want ons is beter in gemeenskap!

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Kolossense 3:12-17*

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

## SOAP

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Kolossense 3:12–14*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Kolossense 3:12–14*

*Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.*

**OORDENKING**

Om te kies om in gemeenskap met God, ons vriende en ons familie te bly, is 'n daaglikse besluit. Dit verg harde werk en doelgerigtheid soos ons: liefhet en gehoorsaam is; in Christus bly; strewe na eensgesindheid; en 'n gees van nederigheid ontwikkel.

Vandag se Skrifgedeelte herinner ons daaraan dat al hierdie dinge moontlik is omdat ons God se kinders is wat heilig en innig geliefd is. In ons eie krag sou dit te moeilik wees, maar met God is niks onmoontlik nie! Ons is geskape vir gemeenskap en dit beteken dat ons nooit enige van hierdie harde werk alleen hoef te doen nie. Nie net dit nie, dit alles het 'n pragtige doel: ons kom saam met ander gelowiges bymekaar om die boodskap van die evangelie te versprei aan almal wat dit moet hoor, en hulle uit te nooi in die gemeenskap in wat God ontwerp het.

Elke dag moet ons die vrug openbaar van ons tyd wat na aan die ware Wingerdstok deurgebring word, terwyl ons barmhartigheid, vriendelikheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld, vergifnis en liefde openbaar. Elke dag is dit 'n keuse wat jy maak om hierdie deugde aan te trek, net soos jy besluit watter skoene om te dra of watter oorbelle by jou uitrusting pas.

En ons kies nie deernis, vriendelikheid, nederigheid, stille krag, dissipline, vergifnis of liefde net vir diegene wat ons maklik vind om naby te wees nie. Hierdie vers praat van "wees geduldig met mekaar", wat nie tipies iets is wat jy doen wanneer jy saam met mense is wie se geselskap jy geniet nie. Die idee van "om geduldig te wees met mekaar" gee die gevoel van om iets onaangenaam of moeilik te verduur. Maar God sal ons die vrede gee wat ons harte nodig het om alles te bereik wat Hy van ons vra, insluitend om met liefde te volhard terwyl ons aan 'n Bybelse gemeenskap met ander gelowiges bou, selfs in die lig van meningsverskille, verskille of frustrasies.

God het vir ons die gereedskap gegee wat ons nodig het om ons toe te rus om op hierdie manier te lewe, terwyl ons sy Woord lees en dit in ons laat woon. Wanneer ons verder gaan as om net die Bybel te lees, wanneer ons God se Woord toelaat om ons te leer, te verander en te lei, wanneer ons betrokke raak by ons gemeenskappe vanuit die oorvloed van daardie tyd wat saam met God spandeer is, sal ons reaksie aanbidding wees. En ons sal God heelhartig liefhê wanneer ons elke dag kies om in liefde met mekaar geduldig te wees.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Ons is gemaak vir gemeenskap met God en vir gemeenskap met ander. Ons sien in Genesis 2:18–24 hoe God ons gemaak het vir huweliks- en gesinsverhoudings. Waarom is dit ongesond om ons lewens alleen te leef?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

2. *Lees Romeine 15:1–6. Wat moet die gevolg wees van ons eenheid met ander gelowiges? Watter aksies moet ons in ons lewens aankweek om dit te bereik?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

3. *Lees Filippense 2:1–11. Wat is 'n paar eienskappe wat ons in ons lewens moet aankweek om in gemeenskap met ons familie en vriende te lewe?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

4. *Wat sê Prediker 4:9–10 vir ons is die voordele daarvan om in gemeenskap te lewe?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

5. *Gebaseer op Kolossense 3:12–14, wat is 'n paar deugde wat ons lewens moet definieer? Wat bind al hierdie eienskappe saam?*

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

.....................................................................................................................................................

*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

*Hebreërs 10:24–25*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Wees hierdie week doelgerig en nooi jou kleingroep na jou huis toe om 'n maaltyd te deel en bemoedig hulle terwyl hulle in jou huis is. As jy nog nie 'n kleingroep het nie, nooi 'n paar nuwe vriende na jou huis om hulle beter te leer ken. Soek manière om hulle met God se Woord aan te moedig terwyl jy ook kyk of daar 'n geleentheid is om hulle te dien of te help om in 'n behoefte te voorsien.*

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................................

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Matteus 18:20*

want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Matteus 18:20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*Matteus 18:20*

*"want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."*

**OORDENKING**

Die dissipels het na Jesus toe gekom met baie vrae. Terwyl Hy in Galilea was, het Jesus vir die tweede keer aan hulle geopenbaar dat Hy gaan sterf, en hulle was bekommerd. Hulle het alles prysgegee om Jesus te volg, en nou gaan die gemeenskap vir wie hulle lief was, drasties verander. Die dissipels wou 'n plan hê. Hulle wou weet wie Jesus gedink het die belangrikste onder hulle is. In plaas daarvan het Jesus hulle geleer van nederigheid, die soeke na die verlorenes en die herstel van verhoudings.

Bybelse gemeenskap is 'n groep eendersdenkende Christene wat toegewyd is om uit God se Woord te leer en dit uit te leef. Dit is meer as 'n sosiale klub of groep vriende met soortgelyke belangstellings wat bymekaar kom. Om 'n Bybelse gemeenskap in jou lewe te kweek, beteken om verder te gaan as oppervlakkige gesprekke na doelbewuste tyd wat saam spandeer word om mekaar aan te moedig en op te bou in God se Woord. Die motief agter die gemeenskap is 'n liefde vir God, 'n liefde vir mekaar, en 'n begeerte om mekaar te help om ons lewens in gehoorsaamheid en eer aan God te leef.

Dit is wat Jesus die dissipels geleer het en wat ons vandag ook uit ons Skrifgedeelte kan leer. Ons verhouding met God is persoonlik, en dit is bedoel om in gemeenskap uitgeleef te word waar ons mekaar kan aanmoedig, mekaar aanspreeklik kan hou en mekaar kan ondersteun – en ons doen dit nie alleen nie! Jesus belowe dat, wanneer selfs net 'n paar gelowiges in sy Naam bymekaar is, Hy daar is.

Wanneer ons saam met ons Bybelse gemeenskap vergader, gemotiveer deur 'n begeerte om God heelhartig lief te hê en ander te help om dieselfde te doen, is Jesus daar by ons. Dit is wat die plaaslike kerk is: 'n byeenkoms van eendersdenkende mense wat lief is vir Jesus en 'n begeerte het om te groei, te leer, mekaar aan te moedig en te ondersteun, terwyl dit ook verantwoordelikheid en konneksie verskaf. Jy is gemaak vir hierdie tipe gemeenskap met die plaaslike kerk! Wat 'n seën!

**LEES**

*Week 3 • Dinsdag*

*Handelinge 2:42-47*

Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge
verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. 43 Die apostels het
baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al
die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle
grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se
behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van
huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in
alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die
Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Handelinge 2:42*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Handelinge 2:42*

*Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.*

**OORDENKING**

Toe die dissipels na Jerusalem teruggekeer het nadat Jesus na die hemel opgevaar het, het hulle voortgegaan om saam te vergader in eenheid en gebed. Toe die dag van Pinkster aanbreek, was daar Jode uit elke nasie in Jerusalem, en 'n groot menigte het in verwarring saamgedrom, want hulle kon skielik hoor van die groot dinge wat God gedoen het—in hulle eie taal! Toe Petrus vertel het wat Jesus vir hulle gedoen het, het baie mense hulle van hul sondes bekeer en geglo. Wat begin het as 'n groep van 120 gelowiges, het gegroei tot 3 000 mense wat geglo het en gedoop is.

Die vroeë kerk was bekend vir hul toewyding om van Jesus te leer en in gemeenskap met mekaar te verkeer. Hulle het bymekaargekom vir etes en gebed, en hulle was bereid om alles wat hulle gehad het te verkoop om in die behoeftes van hul plaaslike kerk te voorsien. Hulle was bly om bymekaar te kom, om saam met mekaar te wees vir 'n maaltyd en gebed terwyl hulle God geprys het. Dit was beide eenvoudig en diepgaande, en God het dit geëer deur voort te gaan om hul gemeenskap van gelowiges te laat groei.

Om Bybelse gemeenskap te bou en aktief deel te wees van die plaaslike kerk verg harde werk en toewyding, maar dit kan ook eenvoudig wees. Hoe kan jy dít wat God vir jou gegee het – jou talente, geestelike gawes, tyd, passies of kennis – gebruik om in die behoeftes van jou plaaslike kerk te voorsien? Hoe kan jy kies om meer toegewyd te wees aan die gemeenskap van gelowiges wat God in jou gemeenskap geskep het, bloot deur konsekwent en doelbewus op te daag?

Jy is nie verantwoordelik vir die aantal mense wat by jou aansluit in die gemeenskap nie. God sal sy kerk en sy gemeenskappe op die regte tyd laat groei en op 'n manier wat Hom eer en heerlikheid bring. Fokus in hierdie seisoen op kwaliteit bo kwantiteit, delf diep saam met 'n paar mense met toewyding en liefde, en vertrou God om alles te voorsien wat jy nodig het, vir wat Hy ookal beplan het.

**LEES**

*Week 3 • Woensdag*

*1 Petrus 4:7-11*

Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees,
sodat julle kan bid. 8 Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde
bedek baie sondes. 9 Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. 10 As goeie
bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n
genadegawe ontvang het, die ander dien. 11 As iemand die gawe ontvang het om
te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente
te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles
verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in
alle ewigheid! Amen.

# SOAP

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP** / *1 Petrus 4:8–10*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*1 Petrus 4:8-10*

*Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes. Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla. As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.*

**OORDENKING**

Petrus het hierdie brief geskryf as bemoediging aan gelowiges in Christus, om ons daaraan te herinner dat ons deur God gekies is om Hom te volg en sy liefde aan 'n verlore en gebroke wêreld te betoon. Ons doen dit die beste wanneer ons waaksaam bly in gebed, mekaar liefhet en gasvryheid betoon sonder om te kla.

Jy is gemaak vir gemeenskap met die plaaslike kerk en jou kerk het jou nodig. Dis nodig dat ons vrygewig is met die gawes wat God ons gegee het en niks terughou nie. Ons moet die unieke gawes wat God ons gegee het, gebruik om mekaar te dien en God te eer met ons sterk punte waar ander swak is. Ons woorde moet God se woorde wees. Ons diens moet voortspruit uit die krag wat God voorsien sodat net Hy die eer ontvang.

As jy na jou plaaslike kerk kyk, sien jy hoe en waar jy jou gawes kan gebruik? Dit lyk dalk of daar reeds meer as genoeg mense dien, maar daar is altyd 'n plek vir jou. God het jou gemaak om ander op 'n baie spesifieke manier te dien en lief te hê. Wanneer jy jou begeerte deel om God deur jou diens te eer, sal jy dalk verbaas wees oor al die geleenthede wat jy nooit geweet het beskikbaar was nie!

Waar word jy geroep om te dien op 'n manier buiten wat jy op jou eie kan bereik? Waar het jy die krag nodig wat net God kan voorsien om Hom en jou plaaslike kerk met jou diens te eer? Hoe sal jy aan God die eer gee en jou gemeenskap aanmoedig om by jou aan te sluit? Jy is deur God gekies om diegene in jou lewe te dien, om jou geloofsgemeenskap aan te moedig en om mekaar aan te spoor om elke dag meer soos Christus te groei. Laat iemand in jou lewe weet waar jy geroep voel om te dien, en vra hulp om jou te help om dit tot uitvoering te bring. Vra God bowenal vir sy leiding en krag sodat jy die werk kan doen wat Hy vir jou voorberei het om te doen (Efesiërs 2:10).

## LEES

*Week 3 • Donderdag*

*Efesiërs 4:1-6*

Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Efesiërs 4:2–3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Efesiërs 4:2–3*

*Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.*

**OORDENKING**

As ‘n gemeenskap van gelowiges is dit nie genoeg om terloops die lewe saam met kennisse op die oppervlak te doen nie. Ons word geroep tot iets meer. Ons is geroep om waardig te leef vir die roeping wat aan ons gegee is, met nederigheid, geduld en sagmoedigheid, soos ons mekaar in liefde verdra. Paulus se brief aan die gemeente in Efese beskryf hoe dit lyk om in die gemeenskap te wees as volwasse gelowiges wat in eenheid leef.

Eenheid beteken nie dat ons heeltyd oor elke besluit sal saamstem nie. Maar met liefde, sagmoedigheid, nederigheid en geduld kan ons na mekaar luister. Ons kan kyk na besluite deur die lens van die roeping wat God op ons lewens geplaas het, en ons kan saam vorentoe beweeg – ‘n verenigde front wat mekaar eer en respekteer selfs wanneer ons nie saamstem nie. Die pad waarop God ons roep om te reis, is dieselfde. Ons gaan almal in dieselfde rigting, en ons kan saamstem oor die groot dinge terwyl ons ruimte laat vir verskeidenheid in die klein dingetjies. Soos ons saam beweeg na ons gemeenskaplike doel, kan ons geleidelik en konsekwent beweeg en mekaar langs die pad dien.

Die keuse om ander meer te waardeer as ons trots, sal ‘n voorbeeld wees wat die wêreld broodnodig het. Waar die wêreld verdeeldheid en meningsverskil prys, sal volwasse gelowiges in die plaaslike kerk bymekaarkom en Jesus en sy kinders meer liefhê as hulle persoonlike agendas. Ons sal vir die wêreld wys dat ons Jesus meer liefhet as wat ons liefhet om reg te wees, meer as wat ons ons opinies liefhet, en meer as wat ons daarvan hou om ons eie sin te kry. Ons kan ‘n lig vir die wêreld wees terwyl ons in eenheid met mekaar leef.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Hebreërs 10:19-25*

Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom,
20 en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons
gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. 21 En terwyl ons Hom
ook as groot priester oor die huis van God het, 22 laat ons tot God nader met
'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van
'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. 23 Laat ons styf
vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof
het. 24 Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en
goeie dade. 25 Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos
party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en
dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Hebreërs 10:24–25*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Hebreërs 10:24–25*

*Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

**OORDENKING**

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, is die voorhangsel wat die mensdom van God geskei het, geskeur. Daar is nou geen versperring wat ons daarvan weerhou om in sy teenwoordigheid te wees nie. Ons hoef nie meer na 'n tempel te gaan om iemand anders namens ons te laat bid nie. Ons is 'n lewende tempel vir Jesus. Hy is altyd by ons. Ons kan vol vertroue wees dat wanneer ons na Hom toe gaan, Hy daar sal wees en Hy sal luister.

Dit is met hierdie vertroue dat ons bymekaar moet kom terwyl ons vashou aan die hoop wat ons in Jesus het. Dit is hierdie hoop, die geloof dat God sy beloftes sal nakom, wat ons aanmoedig om meer lief te hê en meer te dien. Wanneer ons as 'n gemeenskap van gelowiges in die plaaslike kerk bymekaarkom, is dit 'n geleentheid om mekaar te bemoedig terwyl ons met een doel saamwerk: om die lewens-veranderende Goeie Nuus van die evangelie met soveel mense as moontlik te deel.

Ons sal almal een of ander tyd op hierdie reis moedeloos raak. Ons sal moeg word en wonder of die bou van hierdie Bybelse geloofsgemeenskap die harde werk, verwerping en onsekerheid werd is. Ons het mekaar nodig, so wanneer daardie dag aanbreek en ons die aanmoediging en motivering nodig het om aan te hou, sal ons iemand daar hê wat vir ons kan bid, vir ons kan juig en ons kan help om die volgende stap te neem.

God hou altyd sy beloftes, en maak nie saak hoe moeilik dinge raak of hoe stadig dit voel of jy gaan terwyl jy Jesus volg nie, jy is nooit alleen nie. Jy is gemaak vir gemeenskap met God, met vriende en familie, en met die plaaslike kerk. Jou gemeenskap het jou nodig om jou volle self, alles wat God jou gemaak het om te wees, te bring om 'n plek te vul wat perfek vir jou ontwerp is.

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Wat belowe Jesus sal gebeur wanneer ons in sy Naam vergader, volgens Matteus 18:20? Hoe bring hierdie belofte vir jou vertroosting in moeilike tye?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

2. *Wat is 'n paar aktiwiteite wat ons in ons lewens moet aankweek wanneer ons in gemeenskap saamkom met diegene van ons plaaslike kerk, gebaseer op Handelinge 2:42?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

3. *1 Petrus 4:7–11 is propvol maniere om gemeenskap in ons lewens aan te kweek. Lees dit en lys 'n paar van die maniere waarop jy meer doelgerig met jou plaaslike kerkgemeenskap kan wees.*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

4. *Wanneer ons kies om in eenheid met ander gelowiges te lewe, wat moet ons as 'n prioriteit in ons lewens behou, volgens Efesiërs 4:1–6?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

5. *Nadat ons Hebreërs 10:24–25 gelees het, wat is twee belangrike dinge wat ons in ons lewens moet doen om te help om ons plaaslike kerkgemeenskappe op te bou?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

*Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.' Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'*

*Matteus 22:37–39*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Deel daarvan om ander lief te hê soos jouself is om om te gee vir hulle behoeftes en jouself in hul skoene te plaas. Hier by Love God Greatly doen ons dit deur Bybelstudies vir vroue te voorsien in meer as 40 tale. Ons is dankbaar om hierdie studies in Engels te hê en wil hê dat ander vroue in nie-Engelssprekende lande dieselfde geleentheid moet hê. Hierdie week vra ons jou om saam met ons op hierdie missie te gaan deur ons te help om die nasies met God se Woord te bereik! Ons het elkeen 'n rol om te speel in die verspreiding van die Goeie Nuus van God se liefde tot aan die uithoeke van die aarde. Wees hierdie week doelgerig en stel Love God Greatly bekend aan mense wat met ons hulpbronne geseën kan word.*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Matteus 22:34-40*

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle
bymekaargekom, 35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag
probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" 37
Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en
met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste
gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê
soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

# SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Matteus 22:37–39*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Matteus 22:37–39*

*Jesus antwoord hom, "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste em die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'*

**OORDENKING**

Ons is gemaak vir gemeenskap met God, ons vriende en familie, ons plaaslike kerk en ons wêreld. Die kringe van invloed in ons lewens straal uit ons verhouding met God en die tyd wat ons in sy Woord spandeer. Elke vlak van ons gemeenskap het verskillende behoeftes, verwagtinge en geleenthede. Die Bybelse gemeenskap van vriende en familie sal ons help in ons eie wandel met Jesus. Die gemeenskap wat ons in ons plaaslike kerk het, laat ons toe om die gawes wat God ons gegee het, te gebruik om ander gelowiges te dien en 'n impak te maak terwyl ons mekaar aanmoedig en saam aanbid.

Wanneer dit kom by die feit dat ons gemaak is vir gemeenskap met ons wêreld, word ons ambassadeurs vir Christus vir diegene rondom ons wat moet hoor hoe lief Jesus vir hulle is. Dit is ons bediening, ons sendingsveld. Dit is ons bure, medewerkers, onderwysers, afrigters en almal wat ons tydens ons daaglikse roetines teëkom. Om in gemeenskap met ons wêreld te wees moet ons aktief betrokke wees buite ons gewone vriendekringe en kerkfamilie.

Die Bybelse gemeenskap wat jy bou sal jou help om op God gefokus te bly, jou help om vrae te beantwoord wat jy oor jou geloof kry en jou verantwoordlik hou in jou verhouding met God – maar hulle ken Hom reeds. Vra God om te openbaar waar Hy wil hê jy moet Hom in die wêreld dien. Waar kan jy jou gawes gebruik op 'n manier wat iemand wat Jesus nog nie ken nie, aan Hom sal voorstel?

Wanneer ons God met ons hele hart, siel, verstand en krag liefhet, sal die vrug wat ons dra liefde wees – liefde vir ons naaste. Wanneer ons ons naaste liefhet, sal ons verhoudings met hulle wil bou sodat hulle ook kan leer om God heelhartig lief te hê.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Matteus 5:13-16*

"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry die
mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant
weggegooi, en die mense vertrap dit. 14 "Julle is die lig vir die
wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15
ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar
op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16 Laat julle
lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en
julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP** / *Matteus 5:14, 16*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Matteus 5:14, 16*

*Julle is die lig vir die wêreld. ʻn Stad wat op ʻn berg lê, kan nie weggesteek word nie; Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.*

**OORDENKING**

Ons is geroep om die lig van die wêreld te wees. Soos ʻn ligttoring wat skepe op ʻn donker, stormagtige nag na veiligheid lei, is ons ʻn baken wat Jesus reflekteer aan diegene wat desperaat op soek is na ʻn veilige plek om te land. Ons lei die verlorenes terug huis toe waar Jesus wag om verlossing te bied. Ons bring kleur en lewenskragtigheid na ʻn donker wêreld en openbaar die waarheid oor wie God is en wat Hy vir ons gedoen het. In plaas daarvan om rond te struikel en te hoop dat die volgende stap die regte een is, skyn ons ʻn lig op die pad wat God van die begin af vir ons gemerk het: die pad wat ons teruglei na Hom toe, die pad wat ons huis toe lei.

Dit kan makliker voel om te kies om nie by die wêreld betrokke te raak nie, om weggesteek te bly sodat die duisternis en pyn en verdeeldheid ons nie kan vind nie, maar ons word nie geroep om weg te kruip nie. Ons word geroep om betrokke te raak, om die pad te verlig en ander die weg te wys wat lei na vreugde, hoop en vrede. Die lig wat ons skyn trek mense na ons toe, want iewers in hul harte is wat St. Augustine ʻn "God-grootte ruimte" genoem het en ons kan diegene wees wat hulle help om die enigste Een te ontmoet wat daardie leemte in hul lewens kan vul.

Om jou lig te skyn beteken nie dat jy skielik ʻn ekstrovert openbare spreker moet word wat dit geniet om by vreemdelinge aan te klop en hulle van Jesus te vertel nie. Wanneer jy naby Jesus bly, meer van Hom leer, God se Woord lees, tyd spandeer saam met ander gelowiges wat jou aanmoedig en opbou, sal jou alledaagse gewone lewe ʻn lig word vir diegene rondom jou. Wannner jy mense liefhet wat moeilik is om lief te hê, sal jy ʻn lig wees. Wannner jy nederig dien sonder om iets terug te verwag, sal jy ʻn lig wees. Bid dat God jou die geleenthede, moed en woorde sal gee om aan diegene rondom jou te verduidelik oor die Bron van hierdie lig. Skyn, liewe vriendin, net waar jy is!

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Sagaria 7:8-10*

Dié woord van die Here het ook tot Sagaria gekom: 9 So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; 10 moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Sagaria 7:9–10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*Sagaria 7:9–10*

*So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar; moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bose planne teen mekaar bedink nie.*

**OORDENKING**

Die naam Sagaria beteken "Yahweh Onthou." Die profetiese boodskap van Sagaria sluit kragtige boodskappe van hoop in: God sou sy volk onthou. Hy is altyd by ons ongeag die omstandighede. Selfs in hartseer, onverwagte pyn of langdurige lyding onthou God ons. Hy betoon deernis aan ons wannneer ons dit die nodigste het en dien as die perfekte voorbeeld, sodat ons wat na sy beeld geskape is, daardie sorg aan ander kan weerspieël.

Die woord "deernis" kom van twee Latynse woorde wat beteken "om mee te ly." Dit is nie net simpatie nie, maar ook empatie. Dit is om saam met iemand anders te wandel terwyl hulle deur 'n moeilike tyd gaan, op dieselfde manier waarop God deernis aan ons toon deur te belowe om ons nooit te verlaat nie. God het ons ook gemaak om in gemeenskap te leef, spesifiek die Bybelse gemeenskap waarvan ons geleer het, om ons te ondersteun wanneer ons dit die nodigste het. Dit is 'n gawe om 'n groep eendersdenkende gelowiges te hê wat nie net hartseer vir ons sal voel nie, maar sal kies om saam met ons deur die lewe te stap.

Diegene in die wêreld wat ons die nodigste het – die weduwee, die weeskind, die vreemdeling, die armes – moet met deernis versorg word. Die opdrag om vir hierdie kwesbare mensegroepe te sorg het nie verander sedert die eerste keer dat God dit met die profete in die Out Testament gedeel het nie. Niemand wat hulp nodig het moet geïgnoreer, oor die hoof gesien of vergeet word nie. Almal – van 'n suster tot 'n vreemdeling – verdien deernis.

Onderwyl ons die lig van God in die wêreld skyn, mag ons werklik diegene sien wat liefde en deernis nodig het. Mag ons vroue wees wat goeie rentmeesters is van die gawes, tyd en hulpbronne wat God ons gegee het terwyl ons vir daardie kosbare mense wat God in ons lewens geplaas het, wys dat hulle gesien, geken en geliefd is.

**LEES**

*Week 4 • Donderdag*

*Romeine 12:9-21*

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. 10
Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar
en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie,
bly altyd geesdriftig, dien die Here. 12 Verbly julle in die hoop; staan vas in
verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges in hulle nood en lê
julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie
vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.
16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle
by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. 17 Moenie kwaad met kwaad vergeld
nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle
afhang, leef in vrede met alle mense. 19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes,
maar laat dit oot aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is
my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die Here. 20 "As jou vyand honger is, gee
hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen,
maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21 Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin
nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

SOAP / *Romeine 12:10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Romeine 12:10*

*Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.*

**OORDENKING**

Hoe lyk dit om gemaak te wees vir gemeenskap met die wêreld? Dit lyk soos liefde. Die soort wat in ons verse vandag beskryf word, die soort liefde wat:

Die kwaad haat.

Vashou aan wat goed is.

Gretig is om eer aan ander te betoon.

Verheug in hoop.

Verdra in lyding.

Volhard in gebed.

Dit is liefde wat nie opgee nie, nie toegee nie. Dit is 'n liefde wat soek na wat nodig is in die wêreld en intree om te dien. Dit lyk soos 'n gemeenskap van gelowiges wat in harmonie en nederigheid leef. Dit is die soort liefde wat sy vyande sal voed en klee omdat dit God vertrou om die regter te wees.

Ons Skriflesing vandag herinner ons ook daaraan dat Bybelse gemeenskap uithouvermoë vereis. Dit sal nie maklik wees nie, en dit sal aanloklik wees om onsself uit te brand om ander te dien. Onthou om jou verhouding met God te prioritiseer, sodat die oorvloed van sy liefde in jou lewe oorvloedig is en maklik met diegene rondom jou gedeel kan word. Wanneer jy alleen of verwerp voel, bid selfs harder. God sien jou, Hy ken jou, en Hy het jou lief. En Hy wil hê jy moet gemeenskap met ander gelowiges ervaar.

Moenie jou emosies wegsteek nie. Lag en huil en deel die vreugde wat jy het oor Jesus. Moenie bang wees om diep te delf en deur die goeie tye en die moeilike tye saam met jou gemeenskap te stap nie. En bly waaksaam, kyk uit vir diegene aan die buitekant, dié wat alleen sit, die een wat nie eers weet hoe om te vra vir jou vriendskap nie. Verras die wêreld met jou oorweldigende vrygewigheid en bowenal liefde. Wees lief met alles wat jy het, en met alles wat God vir jou gegee het.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Matteus 28:16-20*

Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel
het om te gaan. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party
getwyfel het. 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in
die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense
my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilge
Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou:
Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Matteus 28:19–20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

### SOAP:

*Matteus 28:19-20*

*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

### OORDENKING

Die dissipels was op die tuimeltruin van hul lewe. Hulle het met Jesus geloop en gepraat, gekyk hoe Hy wonderwerke verrig en intieme kameraadskap geniet. Christus het hulle uit die skare geroep en aan hulle 'n voorste sitplek gegee om sy heerlikheid te aanskou. Nadat Jesus gesterf het, het hulle hoop gekwyn. Toe Hy terugkom, het samesyn, wonderwerke en vreugde vir 'n seisoen teruggekeer, totdat Jesus gereed was om na die hemel op te vaar.

Ons voltooi ons studie oor Bybelse gemeenskap met die Groot Opdrag: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou, Ek is by julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

God het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes te sterf sodat ons vir ewig by Hom kan wees. As gevolg van daardie groot liefde kan ons in gemeenskap met God wees. God was met die Israeliete in die Ou Testament terwyl Hy die weg na die beloofde land gebaan het, en Hy gaan nou voort om voor ons uit te gaan. God hou sy beloftes. Hy het ons nog nooit verlaat nie, en Jesus belowe dat Hy ook by ons is, altyd. Toe Hy na die mense voor Hom uitgekyk het, sommige wat aanbid en sommige wat twyfel, het Hy hulle met 'n bevel en met vertroosting agtergelaat:

Hulle moes die evangelie verkondig aan die wêreld wat Hom verwerp het, en nooit vergeet dat Jesus altyd by hulle sou wees nie.

Nou is dit ons beurt om daardie Goeie Nuus te neem en dit met alle nasies te deel. In elke seisoen, in elke gemeenskap en in elke nasie is Jesus met ons.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Lees Matteus 22:37–39. Lys die eerste en tweede grootste gebooie.*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

2. *Waarom moet ons volgens Matteus 5:16 ons "lig so voor die mense laat skyn"? Wie is veronderstel om die eer te kry uit ons goeie dade?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

3. *Wie is 'n paar van die mense wat in Sagaria 7:9–10 gelys word met wie ons medelye moet betoon? As jy na daardie lys kyk, is daar iemand wat uitgesluit is?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

4. *Lees Romeine 12:9–21. Wat is 'n paar van die maniere waarop liefde teenoor ander in werking gestel word? Hoe is dit in kontras met wat die wêreld sê oor hoe ons ander moet behandel wat anders as ons is?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

5. *Ons lewens is nie ons eie nie. Ons is elkeen hier met 'n doel, en, as susters in Christus, is een manier waarop ons in gemeenskap leef en ons wêreld liefhet, deur seker te maak dat ander die geleentheid het om van God te leer. Wat moet ons volgens Matteus 28:19–20, doen?*

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

   ........................................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd